

**Sing vooraf: Psalm 95:2 (p. 477)**

- 2 Bo al die gode<sup>en</sup> godeprag / troon God as Koning; sy gesag  
is groot en ken geen grense<sup>of</sup> lyne. / Die aard' se diepste binnekant  
is in die holte van sy hand; / die hoë berg daarbo is syne.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 9:1, 7, 9 (p. 36)**

- |   |   |
|---|---|
| 1 Ek sal van ganser harte, HEER,<br>u wonders groot maak en U eer.<br>Ek sing omdat ek in U bly is,<br>aan wie my lofsang toegewy is; | 7 Bewys aan my genade, HEER,<br>en sien op my ellende neer!<br>U, wat my aan die dood ontruk het,<br>kyk, hoe my haters my verdruk het! |
| 9 Die hart van hul wat U bely,<br>sal in u Naam standvastig bly.<br>Dié wat U soek in stil vertrou,<br>is by U veilig en behoue.      |   |

**Geloofsbelydenis: Nicea**

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm  
38:1, 17 (p. 193)*

Wet

**Psalm 38:1, 17 (p. 193)**

- 1 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!  
7 Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

**Psalm 2:3 (p. 6)**

- 3 “Durf jy dit waag om met my krag te twis? / Sal niet'ge stof My my gesag ontwing?  
Of weerstand bied aan wie almagtig is? / Ontsien my toom, verdwaasde sterweling!  
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef. / Ek het my Vors gesalf – wee, wie Hom hoon! –  
op Sionsberg van heiligheid omgeef, / waar Hy sal heers en ewig sit ten troon.”

Skriflesing: Lukas 4:

Teks: Lukas 4:32

**En hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag.**  
(Lukas 4:32 AFR1953)

Gelowiges moenie maak asof hulle reg het op die Here Jesus, en Hom dan wil gebruik vir allerhande vorme van vertoon in die kerk nie.

- Die Here wil alleen dinge in die erediens hê wat tot bevordering is van ons geloof en aanbidding.
- Daarvan is die heel belangrikste die prediking van die Woord.

In die deel wat ons gelees het gaan dit dan ook presies daaroor dat die Here openbaar dat Woordverkondiging die krag is waarmee Hy sy kerk bou.

- Dis maar dieselfde as wat in ons belydenis staan dat die Here sy kerk onderhou deur sy Woord en Gees.

Na die Here se doop het Hy eers in Galilea gepreek.

- Hy het daar deur die krag van die Heilige Gees gepreek.
- Waarskynlik het die Here daar ook wonders en tekens gedoen, want toe Hy in Nasaret gekom het, wou sy eie mense gehad het dat Hy dit ook vir hulle moes doen.

Maar kyk net waar lê die klem:

- Jesus het in die sinagoges geleer (vers 15).
- Die saak wat vir die Here belangrik is, is die feit dat die Woord verkondig moet word.
- Jesus leer die mense.

Ons hoef nie te wonder wat die Here gepreek het nie.

- Die hoofstuk begin deur dit te onderstreep dat Jesus vol van die Heilige Gees was (vers 1).
- Die gedeelte wat ons gelees het, begin ook om te sê dat Jesus in die krag van die Heilige Gees was.

Toe Hy in Nasaret in die Sinagoge kom, toe lees Hy die gedeelte uit Jesaja 61 waar geskryf is:

**Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;**  
(Jesaja 61:1 AFR1953)

Hy het dus onder die leiding van die Heilige Gees gepreek dat Hy die vervulling is van die Ou-Testamentiese beloftes. Maar nou moet u fyn luister na wat gepreek is en wat gebeur het.

- Die Here Jesus het gepreek dat die beloftes in Hom vervul is.
- Daarmee het die mense vrede gehad.
- Hulle het selfs vir Hom getuienis gegee, staan daar in vers 22.

Daar staan ook die belangrike feit by dat hulle verwonderd was oor die aangename woorde wat Jesus gepreek het.

- Hulle het dus van sy genadepreek gehou, want hy het gepreek dat Hy die aangename jaar van die Here vir hulle aankondig.
- Jesus het dus dadelik begin om te preek dat Hy die Versoener is wat deur God gestuur is.
- Hy preek dat daar weer 'n aangename tyd tussen God en die mense gaan aanbreek, omdat

Hy God en die mense met mekaar gaan versoen.

Hulle was ook trots op die jong man se preek, want hulle l ook dadelik die verband tussen hulle en Hom – Hy is mos een van hulle:

**En almal het vir Hom getuienis gegee en was verwonderd oor die aangename woorde wat uit sy mond kom; en hulle sê: Is Hy nie die seun van Josef nie? (Lukas 4:22 AFR1953)**

Daarom het hulle blykbaar van Hom verwag om by hulle ook die wonderwerke te doen wat hy in Galilea gedoen het.

- Let nou op dat dit nie gaan oor hulle geloof en hulle behoefte aan Godsopenbaring nie.
- Dit gaan daaroor dat hulle meen hulle het die reg om die prestasies van 'n seun uit hulle dorp te sien.
- Hulle bely Hom dus nie as God nie.

Dit maak die verskil tussen wat daar in Nasaret gebeur en wat in Galilea gebeur het.

- Jesus gee nie aan hulle versoek om wonders te doen gehoor nie omdat die geleentheid en die gesindheid van die mense nie reg is nie.
- God die Here maak nie van sy kerk 'n sirkus waar Hy vertonings gee om mense se nuuskierigheid te bevredig nie.

Wat die Here toe alles vir die mense van Nasaret ges het, kom daarop neer dat hulle mos veronderstel is om God te ken. Waarom moet die Here Homself nou aan mense wat Hom ken, bewys met 'n klomp wonderwerke ?

- Die mense van Nasaret het die Here Jesus net as 'n seun van hulle omgewing en nie as God gesien nie.
- Hulle het die twee van mekaar losgemaak.
- Jesus lewer toe 'n preek waarin Hy aantoon dat die Israeliete al in die verlede dieselfde ding gedoen het.

Daar was in die tyd van Elia 'n groot hongersnood.

- En daar was baie Joodse weduwees in daardie tyd by wie Elia kon gaan woon.
- Maar hy het na 'n weduwee in Sarfat toe gegaan, en by haar gaan bly.

Net so was daar in die tyd van Elisa baie melaatses in Israel.

- Die Here het in daardie tyd nie een van hulle gesond gemaak nie – maar Hy het Naäman die Sirier gesond gemaak.
- Naäman was 'n heiden.

Wat het daar gebeur ?

- Die Here het Hom met wonderwerke aan heidene gaan openbaar sodat hulle gelowig kan word.
- Sy eie volk was veronderstel om Hom so goed te ken dat wonderwerke nie nodig was om Hom aan hulle bekend te stel nie.

Die mense van Nasaret het toe verstaan dat Jesus eintlik beweer dat hulle geloofsoordeel swakker was as dié van die mense van Galilea – daarom het Jesus in Galilea wonderwerke gedoen maar

nie in Nasaret nie.

- Die mense was toe baie kwaad hieroor, en hulle het die Here Jesus van 'n krans probeer afgooi, maar Jesus het tussen hulle deur geloop en weggegaan.
- Toe het die wonderwerk gebeur – en hulle het dit nie eers opgemerk nie.
- Die wonder was dat hulle meteens kragteloos geword het, en dat die Here tussen hulle deur gestap en weggegaan het sonder dat hulle dit kon keer.

Maar hulle het een ding onthou nadat Jesus weggegaan het:

- Hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag.
- Selfs die wonderwerk dat hulle Jesus nie kon doodmaak soos hulle wou nie, en dat Hy tussen hulle deur geloop het, het hulle nie so stomgeslaan soos die preek wat Hy gegee het nie.
- Dit was wat agtergebly het: Die Woord van gesag.

Die kerk moet vandag nog op hierdie beginsels staan.

- Mens maak nie 'n kerk lewend met allerhande wonders en tekens en allerhande snaaksighede nie.
- Die belangrikste saak in die kerk bly altyd die prediking, en die lidmate se bywoning daarvan en reaksie daarop.

Ons moet in ons tyd hieraan aandag gee, want in ons tyd begin dinge so anders gebeur.

- Daar is kerke wat allerhande dinge doen om mense te werf.
- Daar is kerke wat ook die klem verskuif.
  - So hoor ons van, en lees en sien ons dikwels kerke wat die klem byna net laat val op wonderwerke – so asof dit die belangrikste deel van aanbidding en kerkwees is.

Maar lees net wat het in Galilea en Nasaret gebeur.

*Die ding wat hulle daar ook onthou het was nie die kragtige wonderwerke nie, maar die kragtige preke.*

Lees gerus maar weer vers 14 en 15 en 32.

**En Jesus het in die krag van die Gees na Galiléa teruggekeer, en daar het 'n gerug aangaande Hom deur die hele omtrek uitgegaan; en Hy het in hulle sinagoges geleer en is deur almal geprys.** (Lukas 4:14-15 AFR1953)

**En hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag.**

(Lukas 4:32 AFR1953)

- In ons eie kerkverband is daar 'n groot twis aan die ontwikkel oor allerhande dinge wat die wese van God die Here en van ons aanbidding glad nie raak nie! Maar ons veg asof dit nou die wese van die kerk en sy saligheid moet bepaal.
- Kerke beweeg al hoe meer op die terrein van die politiek.

Die Bybel gee 'n duidelike riglyn ten opsigte van hoe 'n ware kerk lyk:

- Die ware kerk is die kerk wat bly by die suiwere prediking.
- Waarom? Onder die krag van die prediking bewerk die Heilige Gees bekering.
  - Bewerk Hy geloof.
  - Vind ware aanbidding plaas.

Die ware gelowige aanbid God nie noodwendig as jy in jou kerk allerhande nuwighede en snaaksighede aanvang nie.

- Mens aanbid God glad nie as jy die kerk maak soos die wêreld nie.
- Dis waarteen ons geweldig sal moet waak in ons tyd.

Moenie die kerk mensgelykvormig maak nie!

- Neem die mense na die kerk toe – hervorm (bekeer) mense na die beeld van God toe.
- Die mens is nie geskape dat God tot diens van die mens is nie.
- Die mens is geskape sodat hy God moet aanbid en eer.

*Die Here Jesus se kruisdood en sy oorwinning oor die dood was juis om die kerk wat die waarheid verloor het, en wat in die onkunde van die sonde vasgevang is, weer met God te versoen.*

Die genade wat ons ontvang is dus om met God versoen te wees, en nie om in sy krag met wonders te speel nie.

- Ons aandeel in die saak is dankbaarheid en aanbidding.
- Ons het nie reg op iets nie.

*Ons moet nie soos die mense van Nasaret 'n vertoning in die kerk wil h en daarmee teen uiterlike dinge vaskyk, en die God van die Kerk, wat by ons staan in die erediens, miskyk nie.*

Daarom kry ons God die Heilige Gees as Trooster.

- Die Heilige Gees word nie in die eerste plek gegee om ons ons geloof in wonders en tekens te laat wys nie.
- Hylei ons met God se Woord.
- En in en deur die prediking.

*Die ware kerk is die kerk waarvan daar getuig word dat die lidmate verslae is oor die leer van verlossing in die Here Jesus Christus, wat onder die leiding van die Heilige Gees aan hulle verkondig word, want die Woord wat verkondig word, is die openbaring van God se gesag.*

**Amen.**

Slotgebed

Psalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Aflegging van geloofsbelydenis deur vier volwassenes.

Slotpsalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!  
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seën oor hul gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr. M.J. du Plessis**

**Gereformeerde Kerk Bellville**

**Datum: 30 September 2007 (oggend)**